# UITNODIGING VIR REGISTRASIE EN PUBLIEKE DEELNAME

## SASOL SUID AFRIKA BEPERK BEDRYF DEUR DIE SECUNDA FASILITEIT

### AANSOEK VIR 'n MASSA-GEBASEERDE EMISSIELIMIET VIR SWAEL DIOKSIED (SO2) IN TERME VAN KLOUSULE 12A VAN DIE MINIMUM EMISSIE STANDAARDE (MES) VAN 22 NOVEMBER 2013, SOOS GEWYSIG, GEPUBLISEER IN TERME VAN ARTIKEL 21 VAN DIE NASIONALE OMGEWINGSBESTUUR: LUGKWALITEIT WET 39 VAN 2004

Sasol is 'n internasionale chemikalieë - en energie maatskappy wat 'n petrochemiese and chemiese vervaardigingsfasiliteit, genaamd die Secunda Fasiliteit (Secunda Operations) geleë in Secunda, Mpumalanga besit en bedryf. Volgens die Nasionale Omgewingsbestuur: Lugkwaliteitswet 39 van 2004, soos gewysig (NEMAQA), moet die Secunda Fasiliteit voldoen aan die voorwaardes van die betrokke luglisensie wat sekere bepalings van die MES (**LIST OF ACTIVITIES WHICH RESULT IN ATMOSPHERIC EMISSIONS WHICH HAVE OR MAY HAVE A SIGNIFICANT DETRIMENTAL EFFECT ON THE ENVIRONMENT, INCLUDING HEALTH, SOCIAL CONDITIONS, ECONOMIC CONDITIONS, ECOLOGICAL CONDITIONS OR CULTURAL HERITAGE in GN 893 in GG 37054 of 22 November 2013**) insluit. Hoewel dit vir die meeste van die Secunda Fasiliteit se prosesse moontlik was om te voldoen aan die MES limiete soos bepaal in die relevante luglisensie, was daar sekere aktiwiteite waaraan die spesifieke limiete nie deur die Fasiliteit teen 1 April 2020 voldoen kon word nie.

Vir hierdie spesifieke aktiwiteite het die Sasol Fasiliteit suksesvol aansoek gedoen vir die uitstel van voldoening aan die tydsraamwerke tot 31 Maart 2025. Die Secunda Fasiliteit is tans op koers met die implimentering van lugkwaliteits voldoeningsplanne om aan die vereisde limiete te voldoen teen 31 Maart 2025 behalwe vir die SO2 limiet op die ketels by die Stoomaanleg wat gereguleer word in die MES deur Subkategorie 1.1: Vaste brandstof verbrandingsinstallasies SO2 limiet vir bestaande aanlegte. Dus beplan Die Secunda Fasiliteit om 'n aansoek te rig aan die Nasionale Luggehaltebeampte vir 'n alternatiewe massa-gebaseerde limiet vir SO2 volgens Klousule 12A van die MES om die wetlike voortsetting van die bedryf van die Stoomaanleg te verseker terwyl die voldoeningsplan geimplementeer word na 1 April 2025 en om volgehoue voldoening aan wetlike vereistes in staat te stel (die aansoek).

Sasol Secunda Operations sal 'n motiveringverslag tesame met 'n Atmosferieselimpakverslag (AIR) indien ter stawing van die aansoek in ooreenstemming met all relevante regulatoriese vereistes. Die AIR sal 'n onafhanklike en objektiewe analise van die potensiële impak van die aansoek op lugkwaliteit onderneem. Die Secunda Fasiliteit sal verder 'n openbare deelname proses volg om enige Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (I&APs) 'n geleentheid te gee om die aansoek te hersien en kommentaar daarop te lewer. Air Resource Management (Pty) Ltd (ARM), 'n onafhanklike omgewingskonsultasie firma, met die ondersteuning van onafhanklike spesialiste, is aangestel om die aansoek saam te stel en die geassosieerde publieke deelname proses te bestuur.

Die aankondiging van die aansoek en die opening van die I&AP registrasieproses begin op 6 April 2022. Agtergrondinligting is ingesluit in die aankondiging van die aansoek en Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (I&APs) word aangemoedig om so spoedig moontlik te registreer vir publieke deelname in die aansoek. Die registrasieperiode bly oop vir die volle publieke deelname proses waartydens geleentheid gegee word vir oorweging van en lewer van kommentaar op die motiveringsverslag en die konsep AIR wat vir 30 kalenderdae ter insae beskikbaar sal wees (publieke vakansies uitgesluit) vanaf 21 April - 24 Mei 2022. Die dokumentasie is elektronies beskikbaar op ARM se webtuiste by https://arm-air.co.za/documents/ asook in harde kopie formaat by die volgende publieke lokale:

| Plek | Adres | Kontakpersoon | Tel |
|---|---|---|---|
| Agtergrond Inligtingsdokument (beskikbaar vanaf 6 April 2022). Die Konsep Atmosferiese impakverslag (AIR) en Motiveringsverslag (beskikbaar vanaf 21 April 2022 vir hersien en kommentaar) | | | |
| Openbare Biblioteek | Laurens Mullerstraat, Secunda | Ontvangs | (017) 620 6175 |
| Govan Mbeki Plaaslike Munisipaliteit | Horwoodstraat, Secunda | Ontvangs | (017) 620 6279 |
| Sasol Charlie 1- hoofingang | Frans du Toitstraat , Secunda | Ontvangs | (017) 610 1111 |

Geregistreerde Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (I&AP) sal 'n uitgenodiging ontvang na 'n Opedag wat geskeduleer is vir die 6de Mei 2022 vanaf 10:00 tot 16:00 by die Lilian Ngoyi Sentrum in Walter Sisulu Straat, Secunda waartydens inligting vervat in die Konsep AIR en motiveringsverslag bespreek sal word.

Indien enige I&AP hulp benodig om die dokumentasie vir hersiening te bekom, is u welkom om ARM te kontak via die kontakbesonderhede hieronder. I&APs moet hul kommentaar tesame met hul name, kontak besonderhede (insluitende voorkeur wyse van kommunikasie byvoorbeeld e-pos, telefonies ens.) aandui en ook enige direkte besigheids-, finansiële-, persoonlike- of ander belange in die aansoek verklaar en verskaf binne die bogenoemde publieke deelname tydsraamwerk.

Om verdere inligting te bekom, te registreer op die I&AP databasis of om kommentaar te lewer kontak gerus vir Mnr Anesu Shamu by ARM: Tel: 011 655 7170, epos: comments@arm-air.co.za

Alternatiewelik kan u ook die aanlyn vorm gebruik wat beskikbaar is by:
https://form.jotform.com/Anesu_Shamu/sasolregistrasievorm-

AIR RESOURCE MANAGEMENT